VOETSLAANKLUB-STELLENBOSCH

ALGEMENE INLIGTING en PROGRAM: Eerste semester 2022

[A] Algemene inligting (bl. 2-5)

1. Algemene klubinligting
   1.1 Digitale platforms
   1.2 Affiliasie
   1.3 Bestuur 2019/2020
   1.4 Lidmaatskap
   1.5 Fooie en betalings
2. Algemene inligting oor klub se (dag)stappe
   2.1 Logistieke reëlings
   2.2 Gradering van stappe
   2.3 Permitstappe
3. Gedragskode en bepalings vir stappers
   3.1 Algemene gedragskode
   3.2 Addisionele bepalings t.o.v. naweek- en langer stappe
4. Inligting oor "Wild Card"
5. Noodnommers en nuttige kontaknommers

[B] Program: eerste semester 2022 (bl. 6-10)

Datum	*Tipe*	*Beskrywing*
Jan 15 (Saterdag)	Dagstap	Kromrivier, Du Toitskloof (Paarl)
Jan 22 (Saterdag)	Dagstap	Duiwelskloof, Banhoek Bewaringsarea (Kylemore)
Jan 29-30 (naweek)	Naweek	Sneeuberg en Duiwelsgat, Sederberg
Feb 5 (Saterdag)	Dagstap	Strandstap (Bettiesbaai)
Feb 12 (Saterdag)	Dagstap	Skeleton Gorge, Tafelberg
Feb 19 (Saterdag)	-	*Voetslaanklub jaarvergadering*
Feb 26 (Saterdag)	Dagstap	Palmietrivier, Kogelberg Natuurreservaat (Kleinmond)
Mrt 5 (Saterdag)	Dagstap	Boschendal (Pniel)
Mrt 12 (Saterdag)	Dagstap	Jean se Kop – Hanneshoek – Spooknek –Dot's Dash (Kleinmond)
Mrt 19-21 (langnaweek)	Naweek	Apex/Breekkrans, Sederberg
Mrt 26 (Saterdag)	Dagstap	Catspad (Franschhoek)
Apr 2 (Saterdag)	Dagstap	Muizenberg tot Kalkbaai
Apr 9-10 (naweek)	Naweek	Boesmanskloof (Greyton na McGregor)
Apr 15-18 (Paasnaweek)	Naweek	*Geen klubstap*
Apr 23 (Saterdag)	Dagstap	Jason's Hill, Slanghoekvallei (Rawsonville)
Apr 29 – Mei 2	Naweek	St Blaize staproete (Mosselbaai na Danabaai)
Mei 7 (Saterdag)	Dagstap	Bergrivierdam westelike oewer (Franschhoek)
Mei 14 (Saterdag)	Dagstap	Wespiek, Helderberg Natuurreservaat (Somerset-Wes)
Mei 21 (Saterdag)	Dagstap	Welvanpas-staproete (Wellington)
Mei 28 (Saterdag)	Dagstap	Victoriapiek, Jonkershoek Natuurreservaat (indien dan oop)
Jun 4 (Saterdag)	Dagstap	Beoogde kultuurstap (Franschhoek)
Jun 11 (Saterdag)	Dagstap	Stellenboschberg
Jun 18 (Saterdag)	Dagstap	Majik Forest
Jun 25 (Saterdag)	Dagstap	Paulsberg, Kaappunt Natuurreservaat

[A] ALGEMENE INLIGTING

1. Algemene klubinligting

1.1. Digitale platforms

Webwerf: www.stb-voetslaan.co.za
Facebook: www.facebook.com/stellenboschvoetslaanklub

1.2. Affiliasie

Die klub is lid van die Voetslaanorganisasie van Suidelike Afrika (VOSA). Vir meer inligting besoek hulle webwerf by hosavosa.co.za.

1.3. Bestuur 2021/2022

Portefeulje	*Naam*	*Foon (sel)*	*E-pos*
Voorsitter	Aretha du Rand	082 452 3445	arethadurand@gmail.com
O/voorsitter & programkonvenor	Pieter Janse van Rensburg	083 445 2773	pjjvr@sun.ac.za
Sekretaresse	Annalene Sadie	083 388 8266	annasadie101@gmail.com
Tesourier	Mariella de Lange	072 170 2888	mariella@internext.co.za
Facebook	Christelle Bester	072 824 7002	chrbester@distell.co.za
Ledesake	Frederik Stapelberg	084 490 7960	fstapelberg@geoscience.org.za
Webwerf	Delene Pretorius	084 654 3888	dp2@sun.ac.za
Sosiaal	Maresa van Onselen	082 969 0263	maresa.ktz@gmail.com

1.3.1. Bestuursvergaderings

Enige klublid wat ’n saak op die agenda wil plaas kan aan een van die bestuurslede kennisgee.

1.4. Lidmaatskap

Belangstellendes moet verkieslik éérs 3 stappe saam met die klub stap, bloot om hulself te vergewis van die groep en of hulle gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens. Daarná kan hulle aansoek doen om by die klub aan te sluit. Vir aansoek om lidmaatskap, kontak die bestuurslid vir ledesake, of alternatiewelik die klubsekretaresse.

1.5. Fooie en betalings

1.5.1. Ledegeld

Ledegeld vir die 2022-kalenderjaar beloop R130-00 per persoon.

1.5.2. Besoekersfooi vir nie-lede

Nie-lede betaal R30-00 per persoon per stapgeleentheid.

1.5.3. Saamryfooi

Die basiese saamryfooi is R1-00 per km per persoon. Bestuurders van motors tydens naweekstappe en langer stappe kan by berekening van kostes ’n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

1.5.4. Betalings

- Bankbesonderhede:
  Voetslaanklub Stellenbosch, Nedbank spaarrekeningnommer 200 540 2354, takkode 107 110
- As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.

- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening gedoen word. Stuur asseblief ’n bewys van énige betaling per e-pos aan die tesourier (Mariella by mariella@internext.co.za) met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir brandstof- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. Plekke kan dus nie vir ’n stap gereserveer word vir lede wat nie voor of op die sperdatum betaal het nie.

2. Algemene inligting oor klub se (dag)stappe

2.1. Logistieke reëlings

Aspek	*Reëling*
Vertrekpunt:	By die parkeerarea voor die Visuele Kunstegebou in Victoriastraat (in Stellenbosch oorkant die Konservatorium). In gevalle van alternatiewe reëlings sal dit op die program aangedui word, of deur die stapleier gekommunikeer word.
Aanmeldtyd:	Normaalweg 07:00, maar raadpleeg die program vir elke individuele stap.
Klerasie:	Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.
Spys en drank:	Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed (aanbevole minimum van 2 liter). Op dagstappe is daar gewoonlik ’n teetyd en ’n middagete.
Noodhulp:	Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens. te verskaf nie. *NB: Onthou veral medikasie teen allergieë (bv. bysteek, hooikoors, ens.)*
Noodnommer:	Die telefoonnommer van ’n naasbestaande (wat nié die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.
Vervoer:	Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word ’n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program). L.W. Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.

Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet die betrokke stapleier vooraf daarvan in kennis stel (vir dagstappe op Saterdae op die laatste teen 18:00 op die Vrydagaand). Verskaf asb. ook ’n telefoon-nommer (verkieslik selfoon) indien jy ’n e-pos stuur.

2.2. Gradering van stappe

Stappe word gegradeer volgens moeilikheidsgraad en dit word aangedui met ’n syfer-letter-kombinasie, bv. 2A of 3B volgens die volgende indeks:

Moeilikheidsgraad		*Blootstelling aan hoogte*	
Simbool	*Betekenis*	*Simbool*	*Betekenis*
1	Maklike stap	A	Geen blootstelling aan hoogtes
2	Matig maar vermoeiend	B	Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om ’n kort leer te klim nie
3	Veeleisende oefening	C	Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie
4	Net vir die fikses	D	Baie blootgestel aan hoogtes

2.3. Permitstappe

Wanneer ’n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net ’n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit noodsaaklik om minstens ’n week vooraf met die betrokke stapleier te skakel om seker te maak dat daar plek is op die stap (tensy ’n ander datum op die program verskyn).

L.W. Wanneer ’n persoon plek op ’n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.

3. Gedragskode en bepalings vir stappers

3.1. Algemene gedragskode

- Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur ’n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van ’n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag ’n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie ’n roete sal kan voltooi nie.
- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap word ’n addisionele stapleier aangewys wat agter stap.
- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd ’n persoon se toerusting nagaan. ’n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heeltyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem ’n plastieksakkie saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle, ens. uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies wanneer gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat ’n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor medestappers op.
- Voetslaan is ’n voorreg: moet dit nie misbruik nie.

3.2. Addisionele bepalings ten opsigte van naweek- en langer stappe

- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan rugsakke voor ’n stap weeg en ’n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet ’n volgelaaide sak nooit meer as ’n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep ’n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afgedwaal het nie.

4. Inligting oor “Wild Card”

Daar is heelwat stappe waar die stap- en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien die stapper oor ’n sogenaamde “Wild Card” beskik. Die Wild Card-program is ’n gesamentlike inisiatief van Cape Nature, SANParke, Msinsi Resorts, EKZN Wildlife en Big Game Parks of Swaziland.

- Vir meer inligting of om aansoek te doen, besoek die webwerf www.sanparks.org/wild/ of www.wildcard.co.za

N.B. Dit is die verantwoordelikheid van ’n stapper om te sorg dat sy/haar Wild Card geldig is voordat hy/sy vir ’n stap bespreek waarvoor ’n Wild Card-nommer gebruik kan word. Indien ’n persoon se Wild Card nié opbetaal is nie, het die stapleier nie ’n ander keuse as om die volle fooi van die stapper te verhaal nie.

5. Noodnommers en nuttige kontaknommers

Kontaknommer	*Instansie*
021 937 0300	Wildernis Search and Rescue (WSAR)
10177	Metro Ambulansdiens
021 483 0190	Cape Nature *Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer.*
112	Nasionale sellulêre noodnommer
0861 555 777	24-uur noodnommer vir Gifsentrum (slangbyte, ens.)

[B] PROGRAM: Eerste semester 2022

15 Januarie	**DAGSTAP: Kromrivier by Du Toitskloof (Paarl)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	9 km
Ryafstand:	60 km x 2	Brandstofbydrae:	R120
Aanmeldtyd:	07:00	Vertrektyd:	07:15
Stapkoste:	R50 of geldige Wild Card	Bespreking:	teen 10 Desember (permitstap)
Stapleier:	Frederik Stapelberg	084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za	
Aantal plekke: 12			
Ons stap al met die oewer van die Kromrivier langs totdat ons ons skynbaar vasloop teen 'n rotsmuur. Dan klim ons langs die bruisende waters op tot by 'n asemrowende 100 meter hoë waterval wat na benede stort in 'n allemintige swempoel. Neem dus swemklere saam. In hierdie pragtige omgewing is die disas en nuwejaarslelies hierdie tyd van die jaar in volle blom!			

22 Januarie	**DAGSTAP: Duiwelskloof, Banhoek Bewaringsarea (Kylemore)**		
Gradering:	2B/3A	Stapafstand:	±14 km
Ryafstand:	10 km x 2	Brandstofbydrae:	R20
Stapkoste:	gratis	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Stapleier:	Pieter Janse van Rensburg	083 445 2773, pjjvr@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons parkeer by Betlehemplaas en stap vandaar in die rigting van Boschendal tot by die afdraai na Duiwelskloof. Ons stap 'n bietjie opdraande tot by die begin van die kloof. Vandaar is dit 'n heerlike gelyk en koel paadjie tussen bome al langs die stroompie met indrukwekkende rotswande aan weerskante. Die laaste ongeveer derde van die roete behels ernstige "boulder hopping" en klipperige terrein tot by die waterval. Diegene wat die laaste gedeelte wil uitsit kan rustig wag totdat die res van die groep met dieselfde pad terugkeer. Ons volg dieselfde pad vanaf die kloof terug na die beginpunt.			

29-30 Januarie	**Naweekstap: Sneeuberg en Duiwelsgat, Sederberg**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	20km (dag 1) en 11km (dag 2)
Ryafstand:	230 km x 2	Brandstofbydrae:	R460
Aanmeldtyd:	15:45	Vertrektyd:	16:00 op 28 Januarie
Stapkoste:	R70x2 of Wildcard	Bespreking:	teen 20 Desember (akkomodasie-doeleindes), gee geldige Wildcardnr.
Stapleier:	Helmien Jonker	082 855 3178, helmienjonker@hotmail.com	
Oorslaapkoste: ongeveer R1 100 (4 persone), R210 vir elke ekstra persooon			
Aantal plekke: 10 stappers			
Ons stap die Saterdagoggend om 06:30 vanaf Eikeboom (tussen Uitkyk-pas en Dwarsrivier) vir 3½ ure tot by Sneeuberghut waar ons gaan oornag. Na 'n kort rus stap ons vir ongeveer 2 ure tot onder Sneeuberg se steiltes waar die besonderse en skaars sneeuproteas (Protea cryophila) groei (en daarna terug na die hut). *Die Sondag spring ons om 06:00 weg daar dit omtrent 7 ure neem om die motors te bereik. Hierdie roete wat naby die Duiwelsgat verby loop is besonders mooi en indrukwekkend (loer gerus op Google na Cedarberg Central Circuit om jou mond te laat water).*			

5 Februarie	**DAGSTAP: Strandstap (Bettiesbaai)**		
Gradering:	2A	Stapafstand:	±14 km
Ryafstand:	±55 km x 2	Brandstofbydrae:	R110
Stapkoste:	gratis	Stapleier:	Pamela Harris
Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by Christelle Bester, 072 824 7002 (slegs Whatsapp)		
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15, of om 08:00 by punt van Delportstraat in Bettiesbaai		

Ons stap vanaf die Blesberg sandduin se parkering in Delportstraat deur fynbos om die agterkant van Bettiesbaai en op na die gedenksteen by Brody's Link. Ons stap dan af, draai na links op in die vallei na die saaltjie tussen Blesberg en Hangklip, af met 'n kort steil helling, dan oor sandduine na die grondpad wat ons neem na die strand naby die begin van Sea Farm Private Nature Reserve. Ons meander al langs die hoogwaterpad rondom die rand van Sea Farm en 'n laaste wandeling op Silversands-strand en terug na die motors. Daar is lekker poele – so bring gerus 'n swembroek saam. Daar is geen skaduwee vir meeste van die roete nie – bring dus 'n hoed, sonroom en genoeg water.

12 Februarie	**DAGSTAP: Skeleton Gorge, akwaduk en af met kabelkar (Tafelberg)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 6-7 ure (±8 km)
Ryafstand:	55 km x 2	Brandstofbydrae:	R110
Stapkoste:	±R60 vir shuttle, en R200 vir kabelkar (óf R50 indien senior burger met SA ID 60jr+)		
Bespreking:	teen 2 Februarie t.w.v. vervoerreëlings tussen sweefspoorstasie en Newlands Forest		
Stapleier:	Helmien Jonker	082 855 3178, helmienjonker@hotmail.com	
Aanmeldtyd:	06:45 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:00		

Ontmoet voor Rycroft-hek, Kirstenbosch om 7:50, van waar ons deur die tuine stap na Skeleton Gorge. Dit neem 90 minute om in die ravyn met inheemse woud (varings en mosbedekte rotse) op te klim. Daar is vier houtlere en rotse om te klouter – wat redelik uitdagend is, met 'n paar nou lyste en afgronde wat mense met hoogtevrees benound kan maak. Ons sluit aan by die Smuts-pad en stap verby die Window ravyn in die rigting van McLear's Baken. Met 'n bietjie geluk kan ons op hierdie stuk pad die skaars blou disa te siene kry. Ons draai af na die akwaduk waar die rooi disas volop groei. Daarna sal ons by 'n poel afkoel (onthou swembroeke). Hierna draai ons weg van die laer/agter tafel en volg die voetpad wat in die Echo-vallei oploop (styg van 850 tot 1000 mbs). Daar is nog 'n leer of twee om te klim voor ons die boonste tafel bereik vanwaar dit nog 'n halfuur duur om tot by die kabelkar te stap. Pragtige uitsigte om al die pad te waardeer.
Onthou sonroom, hoed, waterbottel en geld.

19 Februarie	**Voetslaanklub Jaarvergadering**
Besonderhede van jaarvergadering sal aan klublede deurgegee word.	

26 Februarie	**DAGSTAP: Palmietrivier, Kogelberg Natuurreservaat (Kleinmond)**		
Gradering:	2A	Stapafstand:	±10 km
Ryafstand:	75 km x 2	Brandstofbydrae:	R150
Stapkoste:	R60 of Wild Card	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Stapleier:	Cynthia Slattery	021 882 9442 of 072 246 1902, slathome@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		

Ons stap van die kantoor se parkeerarea by Oudebosch af al langs die Palmietrivier tot waar dit by die Louws- en Dwarsriviere aansluit. Ons draai hier om en keer met dieselfde pad na die beginpunt terug. Ons stop en swem in mooi poele oppad. Bring swemklere en hoed saam.

5 Maart	**DAGSTAP: Boschendal (Pniel)**		
Gradering:	1A	Stapafstand:	5 km / 10 km
Ryafstand:	14 km x 2	Brandstofbydrae:	R28
Stapkoste:	R60	Bespreking:	Teen Donderdag 3 Maart by stapleier (Maksimum 25 persone)
Stapleier:	Annalene Sadie	083 388 8266, annasadie101@gmail.com	
Aanmeldtyd:	06:30 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 06:45		

- *5km (groen roete): die sirkelroete begin by die kantoor (Trail Centre, 021 001 9401) en sluit in gedeeltes deur Die Werf groentetuin en vrugteboorde. Ons loop ook verby kampe vir verskeie plaasdiere, met die rivier aan ons linkerkant vir gedeeltes van die roete. Die roete eindig weer by die kantoor.*
- *10km (rooi roete): hierdie roete volg die groen roete vir sowat 3km. Vandaaraf word die pad deur die rivier gevolg tot by 'n paadjie deur fynbos en 'n bloekombos, verby die Normandie en York damme. Ons kruis weer die rivier op dieselfde plek en volg dan die res van die 5km roete tot terug by die kantoor.*

By die eindpunt is lekker koffie, koek en ander heerlikhede beskikbaar.

12 Maart	**DAGSTAP: Jean se Kop – Hanneshoek – Spooknek –Dot's Dash (Kleinmond)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	14 km
Ryafstand:	65 km x 2	Brandstofbydrae:	R130
Stapkoste:	gratis	Stapleier:	Maryna Loubser
Bespreking:	teen vorige dag om 13h00 by Pieter Janse van Rensburg (pjjvr@sun.ac.za / 083 445 2773)		
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons parkeer by die bopunt van 6de straat. Ons stap op met Jean se kop, anderkant af en dan sirkelroete met Hannes se hoek. Ons stap dan met die kontoerpad tot by Spooknek. Ons gaan af met Dot's dash. Hopelik blom die Erica pilansi al. Ons kom dan terug met die plato en verby Kasteelkop en via die kontoer terug na ons beginpunt. Deurentyd geniet ons die fynbos en het ons 'n pragtige uitsig op die see en die berge.			

19-21 Maart	**NAWEEKSTAP: Apex/Breekkrans, Sederberge**		
Gradering:	Saterdag – 3C Sondag – 3C Maandag – 2B	Stapafstand:	Saterdag – 8 km Sondag – 8 km Maandag – 5 km
Ryafstand:	205 km x 2	Brandstofbydrae:	R410
Aanmeldtyd:	06:45	Vertrektyd:	07:00
Stapkoste:	Geen	Bespreking:	teen 19 Februarie by stapleier
Stapleier:	Frederik Stapelberg	084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za	
Oornagkoste:	Geen		
Aantal plekke:	10 stappers		

Die roetes lê in die Suidelike Sederberg en het as beginpunt die plaas Zuurvlakte sowat 25km oos van Citrusdal langs die R303. Ons parkeer ons motors by die aankoms Saterdagoggend op Zuurvlakte langs die boer se land en begin stap na Apex-piek en Apex-grot waar ons die aand sal oornag (8km – 5 ure).
Die Sondagoggend slaan ons kamp op, vertrek na Breekkrans, klim tot by die piek en stap dan om na Doc's Rock waar ons oornag (8 km – 7 ure).
Die Maandagogend kan ons óf direk terugstap motors toe (5 km – 2 ure) en terugry huistoe óf eers Doc's boog toe klim voordat ons terugkeer motors toe (addisionele 3,7 km – 2,5 ure).
Neem kennis:

- *Hierdie is 'n oorlewingstap – d.i. geen stappaadjie nie en oornag in veld (ons behoort water te kry in die veld).*
- *As jy nie relatief fiks is en ook 'n kop vir hoogtes het nie, gaan jy nie by Apex-piek óf Breekkrans uitkom nie. (Om Apex-grot en Doc's boog toe te stap is minder uitdagend – B-gradering).*
- *Die R303 is 'n redelike goeie grondpad (tussen Ceres en Citrusdal).*
- *Jy benodig 'n bakkie of voertuig met hoë grondvryhoogte om die laaste 5km vanaf die afdraai van die R303 af tot by die plek waar ons die voertuie gaan los te ry.*

26 Maart	**DAGSTAP: Cats-pad (Franschhoek)**		
Gradering:	2A	Stapafstand:	±10 km
Ryafstand:	35 km x 2	Brandstofbydrae:	R70
Stapkoste:	R50 vir permit	Bespreking:	teen vorige dag om 13h00 by stapleier
Stapleier:	Willie Huggett	021 876 2490 of 083 453 9191, huggett@netactive.co.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons parkeer bo-op Franschhoekpas en stap tot op die nek by Cats-pad se baken. Van die nek af gaan die roete al langs die Du Toitsrivier tot by die Jan Joubertsgatbrug. Hierdie brug met 'n enkele boog van 5m hoog en 'n span van 5,5m is nie net een van die beste voorbeelde van gekapte klipwerk nie, maar is ook die oudste brug in Suid-Afrika. 'n Bietjie geskiedenis: in Junie 1818 word 'n kontrak aan Samuel Johannes Cats toegeken om 'n pad oor die Franschhoekberge te bou. Die werk is in Julie 1819 voltooi. Van Maart 1820 af was toltariewe van toepassing, maar die tolgeld was minder as die salaris van die opsigter, Cornelius de Waal. In 1822 het rampspoedige vloede die pad onbegaanbaar gemaak. In Februarie 1823 ontvang majoor Holloway die taak om die pas te herbou. Die bou van die nuwe pas het drie jaar geduur en het die bou van die Jan Joubertsgatbrug ingesluit.			

2 April	**DAGSTAP: Muizenberg tot Kalkbaai**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	± 10km
Ryafstand:	45 km x 2	Brandstofbydrae:	R90
Stapkoste:	gratis	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Stapleier:	Delene Pretorius	084 654 3888 (na-ure), dp2@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons parkeer in Main Road onderkant die openbare tuine en stap op na Boyes Drive en deur "The Hole" ('n deurgrootte opening in die muur). Daarna klim ons met steil kliptrappe op verby Muizenbergpiek en neem die voetpad verby Nellie's Pool na Kalkbaaipiek en weer af via die kloof na Boyes Drive. Ons stap deur die huise na Main Road en geniet 'n koffie/bier/vis en skyfies (bring asb. 'n geldjie saam) by een van die kuierplekke oppad terug na die motors.			

9-10 April	**NAWEEKSTAP: Boesmanskloof (Greyton na McGregor)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 14km x 2
Ryafstand:	122 km x 2	Brandstofbydrae:	R244
Stapkoste:	R50 per dag (indien nie Wildcard), en oornagkoste	Bespreking:	teen 21 Januarie by stapleier
Stapleier:	Pieter Jv Rensburg	083 445 2773, pjjvr@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	Besonderhede sal met groep gefinaliseer word.		
Die roete kronkel deur die Riviersonderendberge en verbind die klein dorpies van McGregor in die noorde en Greyton in die suide. Dit word bestuur deur Cape Nature vanaf die Vrolijkheid Natuurreservaat naby Robertson. Daar is tipiese bergfynbos met baie spesies van protea en erika, waaronder die skaars Erica Galgebergensis en Erica Parvulisepala. Ons beoog om van Greyton af te stap, oor te slaap by Die Galg en weer terug te stap.			

15-18 April	**PAASNAWEEK**
Geen klubstap.	

23 April	**DAGSTAP: Jason's Hill, Slanghoekvallei (Rawsonville)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	6,6km (3,5 ure)
Ryafstand:	72 km x 2	Brandstofbydrae:	R144
Aanmeldtyd:	07:00	Vertrektyd:	07:15
Stapkoste:	R50	Bespreking:	teen 13 April by stapleier
Stapleier:	Frederik Stapelberg (alt. Aretha du Rand)	084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za	
Aantal plekke:	15 persone		
Ons stap hierdie pragtige roete in die berge agter die wynplaas Jason's Hill in die Slanghoekvallei naby Rawsonville. 'n Relatief uitdagende stap met twee watervalle langs die roete. Vir diesulkes wat 'n naweek daarvan wil maak is daar oornagplek in netjiese permanente opslaantente in die nabygeleë Slanghoek Mountain Resort. Verdere inligting sal later aan die deelnemers deurgegee word.			

29 April – 2 Mei	**NAWEEKSTAP: St Blaize staproete (Mosselbaai na Danabaai)**		
Belangstellendes kan asb. so gou moontlik die stapleier kontak.			
Gradering:	2A	Stapafstand:	± 13,5km (St Blaize staproete)
Ryafstand:	R360 km x 2	Brandstofbydrae:	stappers reël onderling
Stapleier:	Delene Pretorius	084 654 3888 (na-ure), dp2@sun.ac.za	
Ons beoog om Vrydagmiddag 29 April na Mosselbaai te ry. Saterdag 30 April stap ons die St Blaize roete tussen Mosselbaai en Danabaai. https://www.visitmosselbay.co.za/listing/stblaize/. Sondag 1 Mei stap ons een van die ander korter roetes in die omgewing byvoorbeeld, Eight Bells Rooster trails https://www.visitmosselbay.co.za/listing/the-rooster-trails/. Diegene wat belangstel kan ook die Mossel Bay Zipline – The Ultimate Adventure Awaits https://www.mosselbayzipline.co.za gaan doen.			

29 April – 2 Mei NAWEEKSTAP: St Blaize staproete (Mosselbaai na Danabaai)
Maandag 2 Mei (vakansiedag) ry ons terug na Stellenbosch. *Ons kan by die ATKV Hartenbosoord gaan bly vir die naweek (3 aande). Daar is opsies vir volledige toegeruste rondawels met 'n badkamer teen ongeveer R350/persoon per dag sowel as staanplek om te kamp teen ongeveer R70/persoon per dag (d.i. indien daar 6 persone is wat die staanplek deel).* *Mosselbaai het vele aanloklike restaurante. Voornemende stappers kan beplan om ten minste een aand uit te eet. Die ander aande kan ons braai.*

7 Mei	**DAGSTAP: Bergrivierdam westelike oewer (Franschhoek)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	±10-12 km
Ryafstand:	28 km x 2	Brandstofbydrae:	R56
Stapkoste:	R50	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Stapleier:	Willie Huggett	021 876 2490 of 083 453 9191, huggett@netactive.co.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons begin by die oostelike deel van die Bergrivierdam se wal en stap met die kontoerpad in 'n suidelike rigting met uitsigte oor die water, Matoppie, die Franschhoek- en Wemmershoekberge. By die inloop van die Bergrivier kan daar regs gedraai word na Wolwekloof of links oor die rivier - soos ons sal doen - en dan met die toegangspad tot by Robertsvlei.			

14 Mei	**DAGSTAP: Wespiek, Helderberg Natuurreservaat (Somerset-Wes)**		
Gradering:	3C	Stapafstand:	±12 km
Ryafstand:	20 km x 2	Brandstofbydrae:	R40
Stapkoste:	R25 per persoon en R15 per voertuig	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15, of om 07:45 in parkeerarea by restaurant binne Helderberg Natuurreservaat		
Stapleier:	Christelle Bester	072 824 7002 (slegs Whatsapp)	
Ons ontmoet in die parkeerarea by die restaurant binne die Helderberg Natuurreservaat om 07:45 en kan 08:00 begin stap. Ons neem die roete deur die pragtige fynbos aan regterkant totdat ons die "jeep track" kry. Ons neem die roete na Disakloof waar ons die pragtige bome en skadu kan geniet en waterbottels kan volmaak. Van hier gaan ons regs om met pragtige uitsigte en stap deur die varings met blootstelling aan hoogtes tot bo in saaltjie waar ons links draai na Wespiek. Hier moet oor boulders opgeklim word tot bo-op die berg. Ons geniet pragtige uitsigte voordat ons weer via Woody's terugkeer na ons voertuie. Dit is 'n sirkelroete. Neem asb. hoed, sonroom en ten minste 2L water saam. Daar is geen water tot in Disakloof nie. Die stap maak eers in die middag klaar. Moet asb. nie haastig wees nie. Daar is blootstelling - nie vir stappers met hoogtevrees. Die stap word beperk tot 15 persone.			

21 Mei	**DAGSTAP: Welvanpas-staproete (Wellington)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	±7.5 km
Ryafstand:	55 km x 2	Brandstofbydrae:	R110
Stapkoste:	R40 per persoon	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Stapleier:	Aretha du Rand	082 452 3445	
Een van die oudste familieplase wat deur die Retiefs besit en geboer word, oor 11 geslagte heen en reeds meer as 305 jaar lank in die familie. Die stap is ongeveer 7,5km lank en ons stap al langs 'n rivier, deur 'n woud met name soos Popular Forest, Fairy Forest en Fern Forest asook deur boorde. Vanaf die "kruin" kan daar uitgekyk word oor die pragtige wingerde, Groenberg, Sneeukop en die Hawekwa-berge in die laatherfs in die mooie Wamakersvallei.			

28 Mei	**DAGSTAP: Victoriapiek, Jonkershoek Natuurreservaat (Stellenbosch)** (indien dan oop)		
Gradering:	3B	Stapafstand:	17 km
Ryafstand:	15 km x 2	Brandstofbydrae:	R30
Stapkoste:	R50 of Wild Card	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Stapleier:	Frederik Stapelberg	084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za	

Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15
Ons stap van Witbrug af via Panorama na Victoriapiek wat teen 1591 m.b.s. die hoogste piek in die Jonkershoek-area is. Ons keer terug met die Kurktrekker-pad, verby die twee watervalle, na ons motors. As ons gelukkig is kan ons dalk vroeë sneeu raakloop. *'n Baie lang en moeilike dag in die berge – as jy nie werklik goed bergfiks is nie moet jy hierdie een liefs uitsit.*	

4 Junie	**DAGSTAP: Beoogde kultuurstap (Franschhoek)**		
Gradering:	1	Stapafstand:	? km
Ryafstand:	28 km x 2	Brandstofbydrae:	R56
Stapkoste:	?	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Stapleier:	Willie Huggett	021 876 2490 of 083 453 9191, huggett@netactive.co.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Meer inligting sal mettertyd per e-pos aan klublede deurgegee word. Alternatiewelik kan die stapleier gekontak word.			

11 Junie	**DAGSTAP: Stellenboschberg (Stellenbosch)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 12 km
Ryafstand:	geen	Brandstofbydrae:	geen
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Stapleier:	Pieter Jv Rensburg	083 445 2773, pjjvr@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:30 by parkeerarea tussen Coetzenburgsentrum en Biokinetikagebou (gimnasium); begin stap om 07:45		
L.W. Hierdie is 'n redelik tawwe stap en stappers móét bergfiks wees – neem ongeveer 8-9 uur. *Ons stap vanaf Coetzenburgsentrum by Coetzenburg op na die kontoerpad wat ons in die rigting van Paradyskloof neem. Bokant die ou skietbaan gaan ons teen 'n hang van Stellenboschberg uit terwyl die een panorama na die ander voor ons oë ontvou. Die hele tyd verlustig ons ons aan die fynbos en die uitbundige proteabosse. Op die nek agter Stellenboschberg kry ons 'n besonderse uitsig op Jonkershoek en sy berge. Bo-op die kruin, terwyl ons ons verkyk aan ons mooie dorp wat knus onder in die vallei lê, vertoef ons vir middagete voordat ons die terugtog aanpak al op die rug af tot by Coetzenburg.*			

18 Junie	**DAGSTAP: Majik Forest (Durbanville)**		
Gradering:	1A	Stapafstand:	±7 km
Ryafstand:	30 km x 2	Brandstofbydrae:	R60
Stapkoste:	gratis	Bespreking:	teen vorige dag om 13:00 by stapleier
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15, of om 08:00 by Majik Forest, 42 Artillery Road, Doordekraal		
Stapleier:	Gerna Hough	082 978 8611 (slegs Whatsapp)	
Majik Forest Walking Trail is 'n 7km sirkelroete naby Durbanville met 'n dam en is geskik vir alle stappers ongeag die graad van fiksheid. Die roete word primêr gebruik vir voetslaan, stap, en draf. Honde kan ook hierdie roete gebruik.			

25 Junie	**DAGSTAP: Paulsberg, Kaappunt Natuurreservaat**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	9 km
Ryafstand:	90 km x 2	Brandstofbydrae:	R180
Stapkoste:	R85 (met ID) of Wild Card	Bespreking:	teen 25 Mei by stapleier – net 12 plekke
Stapleier:	Maresa van Onselen	082 969 0263 (na-ure)	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Paulsberg (367m) is die hoogste piek in die Kaappunt Natuurreservaat. Ons begin by die Buffelsbaai-parkeerterrein en stap op na Kanonkop en agterom Paulsberg tot by die paadjie na die piek van Paulsberg. Die uitsigte oor Valsbaai is indrukwekkend. Ons loop deels met dieselfde pad terug en die brawes kan in die getypoel by Bordjiesdrif swem voor ons huis toe terugkeer. Die weer is soms onvoorspelbaar - bring dus 'n reënbaadjie, sonbeskerming, genoeg water en 'n warm kledingstuk saam.			